

*Scholtz, J 1982: Jopie Fourie. Pretoria: HAUM.*

'n Filmdrama wat nie minder as sewe televisietoekennings ontvang het nie. Die tragiese en omstrede Geskiedenis van hierdie Afrikaner-martelaar word meesterlik uit die verlede teruggepluk. Kennis van die gebeure om die teregstelling van Fourie verhoog die waarde van die drama.

In die geskiedenisklas moet hierdie boek gelees word. Die kind behoort hierdie episode emosioneel te beleef. Naas hierdie gevoelsmatige inleef in die verlede behoort die onderwyser die hele problematiek van verraad en patriotisme in 'n breër perspektief te plaas. Die kind moet leer om die gebeure ook rasioneel te beoordeel; dan vorm ons die kind histories-krities. As dit die onderwyser se uitgangspunt is, is Jopie Fourie 'n belangrike hulpmiddel om 'n gebalanseerde historiese oordeel te ontwikkel.

*M H Trümpelmann*